Laerskool Kruinsig
Afrikaans Huistaal Gr.5

Datum: 12 Junie 2018 Tyd: 90 minute


Eksaminator: A Heydenrych

Moderator:

_______________________

M. Snyman

Instruksies:



- ♥ Skryf netjies en leesbaar.
- ♥ MAAK SEKER JY GEBRUIK DIE REGTE LEESSTUKKE!
- ♥ Maak dubbel seker van jou spelling!
- ♥ Beantwoord al die afdelings.
- ♥ Maak seker jou NAAM is op.

| **Afdeling A :** |
|---|
| Begripslees: |
| 'n Sprokie |
| 25 |

| **Afdeling B :** |
|---|
| Taalleer |
| Te koop |
| 15 |

| **Afdeling C :** |
|---|
| Taalleer |
| Kortliks |
| 15 |

# Afdeling A: Begripslees

Lees die leesstuk en beantwoord die vrae.

## *'n Sprokie*


(1) Lank, lank gelede was daar 'n koning. (2) Sy naam was koning Laks. (3) Hy het geheers oor Laksland - 'n land waar daar nie veel gebeur het nie en waar die lewe baie saai en vervelig was.



(4) Die inwoners van Laksland het geglo dat môre nog 'n dag is, as jy nie vandag lus was om iets te doen nie, kon jy dit altyd môre ook doen. (5) Koning Laks was self, maar 'n vervelige vent en effens aan die lui kant. (6) Hy het nie lus gehad vir 'n heldhaftige aanval op 'n ander ryk, 'n tweestryd met 'n draak óf om 'n prinses in nood te red nie. (7) Laksland was nie 'n vreeslike gelukkige plek nie, maar die inwoners was ook nie juis ongelukkig gewees nie. (8) Al die inwoners was baie eentonig en vervelig. (9) Niemand was lus om nuwe dinge te beproef nie. (10) Alles was altyd net te veel

moeite. (11) Dalk was hulle ook net soos hulle koning 'n bietjie lui gewees. (12) Die nasionale sport van Laksland was die slaapsessies. (13) Jy kon 'n uiltjie knip, 'n langsame slapie vang, 'n bietjie dut, óf 'n middagslapie geniet. (14) Die meeste inwoners het uitgeblink in die aktiwiteit.

(15) Een middag terwyl die hele volk geslaap het, het 'n besige klein feetjie verby gevlieg. (16) Sy kon nie glo dat 'n hele land se mense vas aan die slaap kon wees nog voordat die son begin water trek nie. (17) Sy het haar towerstaffie geswaai en *swiesj* het sy al die inwoners in lewenslustige en hardwerkende mense verander. (18) Toe koning Laks daardie middag wakker word van sy middagslapie, het hy met nuwe oë na die wêreld gekyk. (19) Ewe skielik het hy baie verveeld gevoel. (20) Hy het opgespring en besluit om dadelik iets te doen. (21) In sy studeerkamer het hy 'n brief op sy lessenaar gevind, wat al daar gelê het vanaf die tyd dat sy oupagrootjie koning was. (22) Die brief was van 'n koning van 'n ver land wat vertel het van 'n beeldskone prinses wat al 'n honderd jaar slaap. (23) Al wat haar kon wakker maak, was 'n soen van 'n ridder op sy wit perd. (24) Die koning het dadelik sy wit perd laat opsaal en gejaag soos die wind om die beeldskone prinses te red. (25) Hy het oor hoë berge gejaag, en met rowers swaarde gekruis. (26) In donker bosse het drake en trolle hom aangeval. (27) Om elke hoek en draai was daar gevaar en hy moes wys wat in hom steek. (28) Uiteindelik het hy moeg en honger by die slapende prinses se kasteel aangekom. (29) Al wat hy nou nog moes doen was om die prinses te vind en haar dan wakker te soen. (30) Koning Laks het met die trappe op na die prinses se kamer gehardloop. (31) Hy het die deur oopgestoot en...'n leë bed gevind! (32) Iemand anders het reeds die prinses gered!



(33) Vir die res van die koning se lewe was dit altyd vir hom 'n doring in die vlees omdat hy nie vroeër na die prinses gaan soek het nie. (34) Alhoewel sy ma vir hom gesê het dat daar nog baie visse in die see was, het hy gevoel dat die slapende prinses sy droomvrou was. (35) Hy het van daardie dag af 'n aktiewe lewe gelei, en sy luiheid laat staan. (36) Alhoewel Laksland een van die grootste en rykste lande in die wêreld geword het, het die koning altyd gewonder hoe sy lewe sou wees as hy die prinses betyds gered het.

(604 woorde)

**Vraag 1:**

1. Wat was die **naam** van die koning, en oor **watter land** het hy geheers? (2)
2. Gebruik **een woord** om die inwoners van hierdie land te beskryf. (1)
3. Wat was hierdie land se nasionale sport? (1)
4. Wat beteken dit om 'n **uiltjie te knip**? (sin 13) (1)
5. Wat beteken dit om **uit te blink** in 'n aktiwiteit? (sin 14) (1)
6. Wat is die **vroulike vorm** van **koning**? (sin 2) (1)

7. Wat is die **verkleining** van **koning**? (sin 2) (1)

8. Skryf die **vergelyking** wat in **sin 24** voorkom neer. (1)

9. Skryf die **klanknabootsing** wat in **sin 17** voorkom neer. (1)

**[10]**

**<u>Vraag 2:</u>**

Kies die regte betekenis vir elkeen van die volgende idiome. Skryf die regte letter langs die nommer op die antwoordblad.

1. Sy kon nie glo dat 'n hele land se mense vas aan die slaap kon wees nog **voordat die son begin water trek nie**. (sin 16)
   a. Dis baie droog en daar is nie water in die damme nie.
   b. Dis baie vroeg in die oggend.
   c. Dit raak laat, die son gaan amper sak.
   d. Dit is baie warm.
   e. Nie een van bogenoemde nie. (1)

2. Al wat haar kon wakker maak, was 'n soen van **'n ridder op sy wit perd**. (sin 23)
   a. Dis iemand wat 'n goeie ruiter is.
   b. Dis 'n meisie se trouman.
   c. Dis 'n prins.
   d. Dis 'n dokter.
   e. Nie een van bogenoemde nie. (1)

3. Hy het oor hoë berge gejaag, en met rowers **swaarde gekruis**. (sin 25)
   a. Hy het teen rowers geveg.
   b. Hy het saam met rowers geveg.
   c. Hy het vir die rowers 'n kruis gegee.
   d. Die rowers het vir hom 'n kruis gegee.
   e. Nie een van bogenoemde nie. (1)

4. Om elke hoek en draai was daar gevaar en hy moes **wys wat in hom steek.** (sin 27)
   a. Hy is raakgesteek met 'n swaard.
   b. Hy wys vir almal waar 'n swaard hom raakgesteek het.
   c. Hy moes wys waartoe hy in staat was.
   d. Hy moes versigtig wees dat swaarde hom nie raaksteek nie.
   e. Nie een van bogenoemde nie. (1)

5. Vir die res van die koning se lewe, was dit altyd vir hom **'n doring in die vlees** omdat hy nie vroeër na die prinses gaan soek het nie. (sin 33)
   a. Die dorings het die koning baie seer gesteek toe hy na die prinses gaan soek het.
   b. Die enigste vrou tussen 'n klomp mans.
   c. Hy moes wys wat in hom steek.
   d. Dis iets wat hom altyd gepla het.
   e. Nie een van bogenoemde nie. (1)

6. Alhoewel sy ma vir hom gesê het dat daar nog **baie visse in die see was**, het hy gevoel dat die slapende prinses sy droomvrou was. (sin 34)
   a. Hulle sal nog altyd kan gaan visvang.
   b. Die see is nog vol vis.
   c. Hulle sal altyd genoeg kos hê.
   d. Hulle is in dieselfde situasie.
   e. Nie een van bogenoemde nie. (1)

**[6]**

**<u>Vraag 3:</u>**

1. Hoe dink jy sou die storie geeindig het as die koning besluit het om vroeër na die prinses te gaan soek? (1)

**[1]**

**<u>Vraag 4:</u>**

Sê of die volgende stellings waar of onwaar is:

1. Die prinses was beeldskoon. Dit beteken dat sy elke dag gebad het. (1)
2. Die koning se oupagrootjie was lui. (1)

3. Die koning was baie bly dat hy nie nodig gehad het om die prinses te red nie. (1)

**[3]**

**Vraag 5:**

1. "Die inwoners van Laksland het geglo dat môre nog 'n dag is, as jy nie vandag lus was om iets te doen, kon jy dit altyd môre ook doen." (sin 4)
   Is dit 'n goeie gewoonte om werk vir die volgende dag te laat wag? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)
2. Dink jy dat hierdie storie 'n les het om ons te leer? Motiveer jou antwoord. (1)
3. Hou jy van die storie? Motiveer jou antwoord. (1)
4. Is hierdie verhaal feite of fiksie? (1)

**[5]**

**TOTAAL 25**

# Afdeling B: Taal

Lees die gedig en beantwoord die vrae.

## TE KOOP

’n Manjifieke, outydse woning,
’n regte kasteel
geskik vir ’n koning -
met pragtige torings
en dik ou klipmure,
kilometers ver
van die naaste bure.
Dit het hope karakter,
veral in die nag.
En die prys is selfs laer
as wat jy verwag.
Dis net die vlermuise
wat soms effens pla.
Dit was immers die tuiste
van graaf Dracula.
Boonop sal u dit
alléén moet besigtig.
Ons agente is nie bang nie,
net ietwat ... versigtig.




**(Jacobs, Jaco. My boetie dink hy is Batman LAPA Uitgewers, 75 woorde)**

**<u>Vraag 1:</u>**

Gee die meervoude van die volgende woorde:

1. woning (versreël 1) (1)
2. kasteel (versreël 2) (1)

Gee die verkleining van die volgende woorde:

3. kasteel (versreël 2) (1)
4. konings (versreël 3) (1)

**[4]**

**<u>Vraag 2</u>**

1. Skryf die **samestelling** in versreël 5 neer. (1)
2. Wat is die basis van **<u>tuiste</u>** in versreël 15? (1)

**[2]**

**<u>Vraag 3</u>**

Gee voorbeelde van die volgende woordsoorte uit die gedig:

1. Werkwoord (reël 12 en 13) (1)
2. Eienaam. (reël 14 en 15) (1)
3. Hulpwerkwoord (reël 16) (1)
4. Soortnaam (reël 18 en 19) (1)
5. Byvoeglike naamwoord. (reël 8 en 9) (1)

**[5]**

**<u>Vraag 4</u>**

1. Skryf versreël 10 en 11 in die verlede tyd. (1)
2. Skryf versreël 12 en 13 in die toekomende tyd. (1)
3. Skryf versreël 14 en 15 in die teenwoordige tyd. (1)

**[3]**

**<u>Vraag 5</u>**

1. Gee 'n sinoniem vir **<u>manjifieke.</u>** (versreël 1) ½
2. Gee 'n antoniem vir **<u>laer</u>**. (versreël 10) ½

**[1]**

**TOTAAL 15**

# Afdeling C: Taal

*Kortliks...*

**Vraag 1**

Omkring twee byvoeglike naamwoorde uit die onderstaande blokkie. Skryf die twee byvoeglike naamwoorde se trappe van vergelyking neer. (2)

| | | | |
|---|---|---|---|
| oulik | skop | SEUN | oud |
| kind | hoog | spring | sien |

**Vraag 2**

Vul die regte voorsetsels in die oop spasies in.




Pieter en Woefels kyk (1)________ die muur. Hulle lees wat die kinders (2)_______ die muur geskryf het. Hulle staan (3) __________ mekaar. Hulle sien 'n prentjie van Hompie ke Dompie wat (4)________ die muur loer. Pieter sal (5) _______ die kinders raas wat op die muur geskryf het.

(½ x 5 = 2½)

**[2½]**

**Vraag 3:**




1. Verbind die enkelvoudige sinne om 'n saamgestelde sin te vorm. Maak gebruik van die voegwoord in hakies.

   **Die oom wil op die stoel sit.**

   **Die oom is moeg. (want)**

   (1½)

2. Skryf die sin in die spraakborrel oor in die **ontkenning**.

   (1)

**[2½]**

**Vraag 4**



**Skryf die afkortings vir die onderstreepte woorde neer.**

Meneer Wilson gesels met die konstabel. Daar was gedurende (1) **<u>November</u>** 'n inbraak by hulle huis. Hulle het sy gesteelde kar twee (2) **<u>kilometer</u>** van sy huis af opgespoor.

(2 x ½=1)

**Maak die spelling en punktuasiefoute reg.**

Meneer Wilson is so bly omlat hulle sy kar gevind het dat hy sommer bo oor die muur spring. Sy seun hulle sal hom help om die kar te gaan haal.

(3)

**[4]**

**<u>Vraag 5</u>**




Ontleed die onderstaande sin deur die gesegde, onderwerp en voorwerp te bepaal.

**Dennis het met sy hond gesels.**

(3)

2. Skryf die woorde in die spraakborrel oor in die indirekte rede.

(1)

**[4]**

**Totaal 15**